■ Vervaardiger haal glo dosente 'buite konteks aan in doelbewuste verdagmakery'

NG teoloë kap dwaalleer-DVD

Neels Jackson

Teologiedosente en die NG Kerk se kuratorium by die fakulteit teologie aan die Universiteit van Pretoria het skerp gereageer op 'n DVD wat die indruk wek dat van die dosente hulle met dwaalleer ophou.

Die DVD, *Nuwe strominge in die teologie*, is volgens die vervaardiger, mnr. Sarel van der Merwe, aan sowat 2 000 NG predikante versprei.

Daarbenewens is nóg sowat 600 afskrifte versprei.

Die DVD lê verbande tussen die Jesus-seminaar, die Nuwe Hervorming en uitsprake van die dosente.

Volgens die kuratorium haal die DVD dosente op 'n onbillike wyse buite konteks aan in 'n proses van doelbewuste verdagmakery.

Verskeie van die dosente het ook in individuele briewe en verklarings hul kritiek op die DVD gelewer.

So verwerp prof. Andries van Aarde, afgetrede Nuwe Testamentikus, bewerings uit die vroegste eeue dat Jesus se moeder 'n hoer was en dat Jesus gebore is nadat sy deur 'n Romeinse soldaat verkrag is. Die DVD berig presies die teenoorgestelde.

Prof. Julian Müller, hoof van die departement praktiese teologie, sê hy beskou homself nie as 'n Nuwe Hervormer nie.

Die DVD probeer verbande tussen Müller en die Nuwe Hervorming aantoon, maar Müller sê hy wou kritiese gesprek met die Nuwe Hervorming bevorder.

Prof. Dirk Human, Ou Testamentikus, sê die manier waarop die DVD sy standpunte aanbied, is skrikwekkend.

Hy bely die opstanding van Christus en ander geloofsartikels soos dit in die NG Kerk se belydenisskrifte en die Bybel geformuleer word.

Van der Merwe, 'n NG lidmaat wat homself 'n navorser noem wat ook geestelike seminare aanbied, het gister by navraag gesê hy het objektief probeer verslag doen.

Ondanks vermoedens dat hy deur 'n span predikante bygestaan is, het hy die DVD alleen vervaardig.

Hy het wel gesteun op die navorsing van mnr. Ferdie Mulder, die teologiestudent wie se klagtes van dwaalleer teen drie dosente deur die kerk se betrokke ringe aangehoor en verwerp is.

Die kuratorium sê juis om billikheid te laat geskied in die kwessie van leerklagtes teen dosente, is die saak na die ringe verwys.

Die dosente is onskuldig bevind.

Van der Merwe sê hy is besig met 'n opvolgprojek oor hoe klagtes van leerdwaling deur die kerk gehanteer word.